# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 173 13 Desember 2019





In hierdie uitgawe:


Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

**Kersfees 2019 - Vreugde tyd?**

Bietjie meer as 'n week gelede het dit - nie vir die eerste keer nie en ook nie vir die laaste keer nie - gebeur. Vier helde van die revolusie wou baie braaf, ten spyte van die meerderheid teen hulle, 'n slag slaan. Hulle was maar net vier volwasse mans, en hy een; 'n man van oor die tagtig, maar hy is 'n boer. Om viktimisasie te vermy het die dapper helde balaklawas gedra. Hulle het hom ter verdediging vasgebind. Net toe hulle in die ritme kom van houe en skoppe van "geregtigheid" om hom te laat val, is hulle deur sy brose 79 jarige vrou onderbreek en moes hulle stert tussen die bene op die vlug slaan. Dominee Jan Schroeder was Sondag weer op die kansel; die Evangelie dring hom daartoe. Sy Afrikaner-bloed ken nie bes gee nie.

Daar gaan voortdurend mense wees wat moet kies; kies tussen slagoffer wees en gelowig voortgaan. Ons lees gereeld van boere wat geteiken word deur wreedaardige, lafhartige booswigte. Hardwerkende boere word aangeval en gemartel, ja ook vermoor. Net so terloops: Dit maak my sommer kwaad as daar gestel word hulle is "na bewering aangeval deur vier verdagtes'. Is ds. Jan se blou kolle en kneusmerke ook net na bewering daar? Hierdie agteroorbuig politieke korrektheid is wat nuusberigte blote leuens en propaganda maak. Die berigte moet verwys na kriminele en booswigte. Eers by die identifikasie van die persoon moet "verdagtes" gebruik word. Die berig moet lui: "Vier booswigte het ds. Jan aangeval. Twee verdagtes is in hegtenis geneem (wat weliswaar nog nie gebeur het nie).

Dit is nie net kriminele vergrype van huis en haard wat mense seer maak nie; deesdae is dit lewensgevaarlik om dit op die langpad te waag. Die statistiek rakende padsterftes is 'n ontstellende werklikheid. Elke pad sterfte impliseer daar is 'n gesin wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het.

Die grootste booswig van almal - die dood - woeker met sy talente. Gesinne gaan weer weens kanker, hartaanvalle en 'n lang lys mediese redes begrafnis moet hou. Sterk seestrome, vloede en ander natuurrampe gaan ook slagoffers eis. Juis in die tyd van hoop gaan daar mense wees wat in wanhoop die dood 'n helpende hand gee en familie en vriende met hoekom-vrae agterlaat.

Die belangrike vraag in die lewe is nie: "Wat gaan gebeur?" nie. Die toekoms is totaal onvoorspelbaar. Die vrae: "Hoe gaan jy dit hanteer; wat gaan jy doen?", bly altyd aan jou gerig. Wat gaan gebeur, gaan gebeur;

dit is wat dit is. Jou keuse is nie in **wat gebeur** nie, maar in **hoe** jy dit **hanteer**. Jy kan in sak en as gaan sit en jou verskriklike lot beklaag, soos Job op 'n stadium gedoen het (toegegee, hy het ten minste nie vir God die skuld gegee nie). Jy kan te midde van die ramp in vreugde voortgaan met die lewe soos oorlede Dawid (toegegee, hy was in sak in as om God te probeer oortuig dat sy en Batseba se eersgeborene moet lewe. Met die dood van die kind het hy ophou rou en soebat; hy het in die Here se besluit berus). Dit is die keuse, verval in sak en as, of kyk die toekoms gelowig vierkantig in die oë.

Daar is nie 'n goeie of slegte tyd vir rampe en dood nie.

So is daar ook nie werklik slegter of beter tye om seer te verwerk nie. Elke tyd het sy eie bekoring en motivering.

Kersfees is met rede die tyd van hoop en liefde, vrede vir almal op aarde in wie God 'n welbehae het. Ten spyte van wat die media jou sou wou vertel, vind daar in hierdie tyd net soveel padsterftes plaas, is daar net soveel selfmoorde, as enige ander tyd van die jaar. Getalle vertel van dood dwarsdeur die jaar. Dit bly hartseer; my hart gaan uit na elke persoon wat treur. Al was dit dalk jare gelede, dit voel soos twee sekondes gelede. Seer bly seer. Elke seisoen gee vir ons ander redes tot dankbaarheid. Laat my toe om dit onomwonde te stel. Ons het die beste redes om onverskrokke voort te gaan te midde van die grootste verlies. Oom Jan en tannie Lettie Schroeder bewys dit. So ook soveel ander geloofshelde van ons dag. Ek sou graag van elkeen wou hoor. Kersfees gee aan ons - soos elke tydperk - goeie rede om nie soos slagoffers op te tree nie, maar kordaat die toekoms aan te durf.

Ons gedenk 'n deel van die grootste wonderwerk. Wat is die grootste wonderwerk? Ek is jammer, ek het geen antwoord nie. Was dit dat God mens geword het? Was dit dat God vir ons aan die kruis gesterf het? Was dit dat God die dood oorwin het? Gelukkig hoef ek nie te kies nie. Ek kry in hierdie tyd die geleentheid om op een deel van die wonderwerk te fokus: God het in Jesus Christus mens geword. Hy ken ons diepste geheimenisse. Hy ken menswees. In hierdie tyd vind ek vreugde in Sy geboorte. Dit is daardie vreugde wat maak dat ons te midde van die seer van elke dag, tog in vreugde kan lewe. Geseënde Christusfees.

Johan Otto Desember 2019

## BEROEPE NUUS: KOSTER

Koster gemeente het ds. Johan van Wyk van WesRand gemeente beroep. Hy HET die beroep bedank

Ds Lewis Strauss (emeritus) is na Koster beroep. Hy het die beroep aanvaar en sal Januarie 2020 in die gemeente bevestig word.

## GELOFTEFEESTE

**Paardekraal** : Feesprogram 2019

JAARLIKSE GELOFTE-FEESVIERING TE PAARDEKRAAL, KRUGERSDORP.

Maandag , 16 DESEMBER 2019.

06:00-07:00 Vroeë oggenddiens, Paardekraal Feesterrein. Ds. Johan van Wyk

Predikant van die Hervormde Kerk, Wesrand, Krugersdorp. Opneem van kollekte.

07:00-08:45 POUSE

08:45-08:55 Samesang en opneem van kollekte. 08:55-09:00 Vlaghysing en ontplooiing van vlae.
09:00-09:05 Voorlees van die 1880 Gelofte
09:05-09:10 Bekendstelling van die Spreker
09:10-10:00 Fees boodskap deur Rudie Rousseau.
10:00-10:05 Bedanking van die Spreker.
10:05-10:45 POUSE
10:45-10:55 Samesang en opneem van kollekte
10:55-11:00 Voorlees van die 1838 Gelofte.
11:00-11:05 Bekendstelling van die Prediker.
11:05-11:50 Gelofte diens deur Ds. Christo Jooste AP- Kerk Groblersdal.
11:50-11:55 Bedanking van die Prediker.
11:55-12:00 Vlagstryking waarna "Die Stem van Suid-Afrika" gesing word.
12:00 Afsluiting: Voorsitter van die Paardekraal Feeskommissie
Vir verdere besonderhede kontak:
Sekretaris Mnr. At von Well by 082-348-3828 Vir enige navrae of verdere inligting of Cd's van toesprake stuur vir ons U e-pos na (wagters@nashuaisp.co.za) Mnr. Chris Smit sel nommer 082-904-0880 /Burgerskap Projek Mnr. Sid Mann 083-227-3260 – (sid.mann@kmla.co.za)
Paardekraal dasse ds. Kalla Fourie – 072-278-1456-(mejpjf@gmail.com)
**Cullinan**: TLU Saal, 4 km vanaf Fourways na Ekangala. 09:00 Samesang, 09:15 Kultuur program, 10:00 Erediens gelei deur dr Johan Otto (Geloofsbond Hervormd) / 11:15 Die Stem en Verversings. Kontak: Mias Smit 072 238 3696 / mias.smit@gmail.com
Redelik volledige lys van feeste kan by **Ditsem nuus** verkry word. Neem kennis van die laaste inskrywings: sout van die aarde is.
BUITELAND
Nieu-Seeland - CHRISTCHURCH
ACK Christchurch Gelofte diens 30 Tresillian Drive, Rolleston, Christchurch 19:00 Geskiedenis oorsig Daan Roux / Gelofte diens Salmon van Huyssteen / Saamkuier en tradisionele verversings soos melktert, koeksisters en biltong met koffie en tee, asook pap en wors
Kontak: Daan Roux +64 21 1285128 / danroux458@yahoo.co.nz
VSA - CROFTON, MARYLAND
Marisa Haasbroek en gesin 1111 Soho Ct, Crofton, Maryland, VSA Gesinsgeleentheid
Kontak: Marisa Haasbroek
tuiskoolmarisa@gmail.com
LEXINGTON, KENTUCKY
500 Persimmon Tree Road, Lexington, SC 29072 Gelofte herdenking deur Ferdi Fourie en gesin Kontak: Ferdi Fourie +1(402)659-8439 / ferdif7@outlook.com
Meer inligting oor die Geloftefees kalender by gelofte@ditsem.net of 053 207 0127 of die Facebookblad: Geloftekalender

**KURATORIUM**

Die Kuratorium se laaste vergadering vir 2019 het op Vrydag 15 November plaasgevind. By die geleentheid is gesprek gevoer met ds. Pierre Britz.
Die Kuratorium het akkreditasie aan ds. Pierre Britz (Vredefort) verleen. Op die foto is hy saam met sy vrou, Sunnet en dogtertjie Surrét.



## GELOFTEDAG

**Gelofte van Jan van Riebeeck**
- 6 April 1654

Waar dit vandag die tweede verjaarsdag is van die dag waarop ons deur die Here gelei, met die skepe Drommedaris, Reyger en De Goede Hoop hier ter plaatse behoue aangeland het om hierdie vesting en kolonie na die bevel van ons meesters te bou en te bestendig, en opgelet dat God die HERE alle sake tot vandag toe met vele seëninge voorspoedig en na wense laat verloop en laat slaag het, daarom het ons besluit, en ook vir die eerste keer begin om hierdie dag, die 6de April, tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot 'n vasblywende dank- en biddag in te stel, sodat daarby die weldade van die Here wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word.

**Gelofte van Bloedrivier** - Desember 1838

Hier staan ons voor die Heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee/

**Gelofte van Paardekraal** -13 Desember 1880

Indien die Liewe Heer ons help en dit Sy wil is dat ons ons land terug sou ontvang, dan sal die volk elke jaar kom feesvier by dieselfde steenhoop en ons gelofte aan die Here kom betaal. En hierdie steenhoop is die ewige getuie daarvan. Verbond tussen die burgers afgelê: In die teenwoordigheid van die Almagtige God, die kenner van alle harte, terwyl ons biddend opsien na Sy genadige hulp en ontferming, kom ons, die burgers van die Zuid Afrikaanse Republiek, ooreen om vir ons en ons kinders ’n heilige verbond op te rig en met ’n plegtige eed te besweer. Ruim veertig jaar gelede het ons vaders uit die Kaapkolonie getrek om ’n vrye en onafhanklike volk te word. Hierdie veertig jaar was veertig jaar van smart en lyding. Ons het Natal, die Oranje Vrystaat en die Zuid Afrikaanse Republiek gestig, en drie maal het die Engelse ons vryheid vertrap en ons vlag wat in ons vaders se bloed gedoop is, van ons grondgebied verwyder. Soos deur 'n dief in die nag is ons vrye Republiek gesteel. Ons kan en ons mag dit nie verdra nie. Indien God wil, soos voorgeskryf deur ons eerbied vir ons vaders en ons liefde vir ons kinders, sal ons die erwe van ons vaders ongeskonde aan ons kinders oorlewer. Daarom is ons hier byeen om mekaar as manne en broers die hand te gee en plegtig te belowe om trou te bly aan ons land en ons volk en om met die oog op God saam te werk tot die dood toe. Mag die Almagtige God ons help.

## BLOEMFONTEIN BEDIENING

Predikante wat bevoorreg genoeg is om in die suide van ons land vakansie te gaan hou, word versoek om Bloemfontein te oorweeg as 'n Sondag stop waartydens daar saam met ons mense erediens gehou kan word. Jy kan preek en rustig verder reis saam met jou gesin. Kontak
Oudl. Das Steyn 078 440 9104 of
Basja & Mientjie Geyser 082 329 0239
.

## BYBELVASVRA 2020

Gemeentes word aangemoedig om aan die Bybel vasvra van die Bond deel te neem. Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om jou Bybelkennis uit te brei en saam met mede-gelowiges die Woord te bestudeer.
Die bestek vir 2020 is as volg:
Algemene Bybelkennis - 50%
2 Petrus (3 Hoofstukke met 61 verse) - 50%

## LEWENSBROOD 2020

Die boek is nou beskikbaar en by die meeste gemeentes afgelewer.

## GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/ (sien skermfoto hier onder.)
Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

## OORNAG FASILITEITE

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

## DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**



2019/2020 Kwilt deur die dames van Vivo/Dendron
Maak seker u gemeente het lootjie lyste ontvang.
Alle gemeentes word genooi om deel te wees van die jaarlikse projek.

# Geloftefeeskalender 2019




## Lys van Geloftefeeste
### (Alfabeties volgens dorpe en stede)











## Betekenis vir die Afrikaner

*As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe. Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.* (Prediker 5:3-4)

*Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.* (Psalm 50:14-15)

Met Suid-Afrika wat lyk soos wat dit lyk teen die einde van 2019, is Geloftedag vanjaar vir die Afrikaner wat erns maak met sy volksidentiteit, van sleutelbelang. Telkens in die geskiedenis was die Afrikaner en sy voorsate in situasies van menslikgesproke geen hoop nie, maar dan het God nog elke keer genadiglik wonderbaarlik voorsien.

Vandag is die Afrikaner weer in 'n stryd om voortbestaan gewikkel, in unieke omstandighede, maar in wese moontlik meer bedreigend as ooit tevore. Terwyl voortspruitende uit die Slag van Bloedrivier 16 Desember as Geloftedag herdenk word, is daar twee ander geloftes wat namens die Afrikaner as volk aan God gedoen is, naamlik die Gelofte van Jan van Riebeeck op 6 April 1654 en die Gelofte van Paardekraal op 13 Desember 1880.

In 1654 het die gelowige Jan van Riebeeck gevoel dat net 'n gelofte aan God die volhoubaarheid van die nuwe nedersetting kan verseker. Teen 1880 was die burgers van die voormalige Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) desperaat oor die verlies van hul onafhanklikheid aan die Britse Ryk en het hulle hulself op 13 Desember by Paardekraal opnuut aan die Gelofte van Bloedrivier verbind. Binne 'n kwessie van dae later het die ZAR deur die Eerste Vryheidsoorlog hul staatkundige onafhanklikheid herwin.

Die tekste van hierdie drie Geloftes word in hierdie fokus gereproduseer, in verstaanbare Afrikaans omgesit. Sodoende kan huidige geslag Afrikaners hulself eerstehands vergewis van die inhoud en implikasies van die drie Geloftes. Daarmee saam word lesers aangemoedig om self op Google en in betroubare geskiedenisboeke te gaan naslaan die presiese gebeure destyds in die aanloop tot elk van hierdie drie Geloftes.

Om die Gelofte van Bloedrivier te bevorder, het Ditsem Nuus die afgelope agt jaar in die Desember-uitgawe 'n Kalender gepubliseer van Geloftefeeste waar dit ookal gehou word. Vir vanjaar is in die Kalender, soos in hierdie uitgawe vervat, die rekordgetal van 167 Geloftefeeste en -dienste, met hul basiese programbesonderhede en kontakdetail, gelys.

Benewens in die gedrukte formaat van Ditsem Nuus, word die Geloftefeeskalender ook elektroniese gepubliseer, terwyl interaktiewe skakels na die Kalender ook wyd op die Internet versprei word, o.a. deur borge van die Kalender soos AfrForum, die FAK, die Voortrekker-monument en andere.

Die ervaring toon dat die Geloftefeeskalender tasbaar bydra om Afrikaners opnuut bewus te maak van die Gelofte en die nakoming daarvan, asook om hulle aan te moedig om 'n Geloftefees naby hulle by te woon. God self het die loot in Suid-Afrikaanse bodem geplant waaruit die Afrikanervolk gegroei het en steeds groei en daarom aan Hom al die lof en eer.

Dit is die geloof van Ditsem Nuus dat Geloftedag 2019, gegewe die pikdonker tyd waarin die Afrikaner tans verkeer, behoort te staan in 'n gees van diepe verootmoediging voor God Drieënig. Slegs Hy en Hy alleen kan nie net uitkoms gee nie, maar Hy kan ook "iets nuut maak ...'n pad in die woestyn en riviere in die wildernis". (Jes.43:18-19)

Laastens bedank Ditsem Nuus graag alle organiseerders van Geloftefeeste waar dit ook al gehou word. Ons ervaring is dat hierdie mense en alle Afrikaners wat die Geloftes van ons volk nakom, genadiglik gehoorsaam is aan Gods roeping en as sulks sout van die aarde is.

Meer inligting oor die Geloftefeeskalender by gelofte@ditsem.net of 053 207 0127 of die Facebookblad Geloftekalender.